

Maandag

Hand. 1: 4 – 8; 2: 21 – 22; 9: 1 – 18; 22: 11 -16. Teks Hand. 9: 15 Tema: "Christus maak van sogenaamde kampvegters van God (teen sy kerk), dienaars van sy kerk." Die Bybel wys wat die verskil is tussen kamstige KAMPVEGTERS vir God en GETUIES en dienaars van Jesus Christus. Kinders kan nie vir hul ouers by die skool gaan baklei nie. Ouers verbied hul kinders om met ander kinders in gevegte betrokke te raak wat iets slegs oor hulle as ouers sê. Kinders kan en moet iets anders by die skool gaan doen. Hulle kan by die skool gaan vertel hoe hul ma hul verras het met die lekkerste kos nog ooit en die kinders moet hul skoolwerk by die skool doen. Dit is die verskil tussen om 'n kampvegter óf 'n getuie en dienaar vir die Here te wees. KAMPVEGTERS vir God is mense wat (soos skoolkinders vir hul ouers) vir God wil gaan baklei. GETUIES en dienaars is gelowiges wat vertel wat God vir hulle gedoen het en na God se opdragte luister. Kerklike korrupsie gaan oor mense wat as kampvegters van God lidmate wil mobiliseer om vir God te baklei. Paulus was voor hy tot geloof in Christus gekom het 'n kampvegter vir God téén God se kerk. Hand. 22:4. Hy wou vir die Christus waarin hy geglo het die Here Jesus se kerk uitwis. (Hierdie stelling word môre verduidelik.) Kampvegters vir God is daarom eintlik niks anders as geestelike anargiste nie. Geestelike anargiste is lidmate wat as kampvegters vir Jesus die Here se kerk wil verniel en vernietig. Geestelike anargisme is wanneer die uitroei van die kerk van die Here, die doel en strategie van kerklike amptenare word, soos met die Joodse Raad. Hand. 22:5. Die Joodse Raad het die gesag en amp vir hulle self toegeëien dat hulle die leiers van die volk van God en verteenwoordigers van die Messias, die Christus is, wat die kerk van Jesus die Christus, moet uitroei. Dit is kerklike korrupsie, kerklike anargie: om as sogenaamde geestelike leiers in die Naam van Jesus die kerk van die Here te wil uitroei! Dít is wie kampvegters vir God is! Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Hand. 1: 4 – 8; 2: 21 – 22; 9: 1 – 18; 22: 11 -16. Teks: Hand. 9: 15: Tema: "Christus maak van sogenaamde kampvegters van God (teen sy kerk), dienaars van sy kerk." Die aanslag teen die kerk vandag is geestelikes se poging om gelowiges van hul kamstige fundamentalisme te bevry sodat hulle kampvegters vir God se koninkryksake kan word. Dit is presies die teenoorgestelde as wat die Here met Paulus op die Damaskuspad gemaak het: hier maak God van 'n KAMPVEGTER vir God, 'n GETUIE en dienaar! 'n Kampvegter vir God veg God se saak vir God, net soos party kinders vir hul ouers gaan veg by die skool. Hulle veg om God se krag en mag te handhaaf, uit te brei, te beskerm, te propageer en om mense aan die krag en mag van God te onderwerp. Om hierdie geveg in die Naam van die Christus te doen, soos Paulus en elke ander Jood mee besig was, is om met hierdie geveg vir die Christus wat moet kom, die stoel van Moses gereed te kry. (Mat. 23: 2 Nuwe Direkte Vertaling) Hulle kry mense gereed vir die koms van die Joodse Christus deur hulle aan die wet van God te onderwerp, en só God se gesag en mag te handhaaf. Dit is die innerlike teenstrydigheid waarin Paulus gevange was: Hy het teen JESUS as die

Christus wat gekruisig was en opgestaan het uit die dood, geveg (Hand. 9:5) in die Naam van die JOODSE Messias, die Joodse Christus wat die wet van God met mag en geweld gaan kom handhaaf. Só is Paulus as kampvegter vir God op pad na Damaskus, om hulle wat glo dat JESUS Here en Christus is, aan die mag en krag van God te onderwerp deur die wet van God, en dit nogal in die Naam van die Christus. En toe maak JESUS die Here van hierdie kampvegter vir God, in die Naam van die Christus, 'n getuie van en dienaar van Hom as die gekruisigde en opgestane Christus. Die JOODSE Christus het kampvegters. JESUS die gekruisigde en opgestane Christus het nêr getuies en dienaars. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Hand. 1: 4 – 8; 2: 21 – 22; 9: 1 – 18; 22: 11 -16. Teks Hand. 9: 15 Tema: "Christus maak van kampvegters van God (téén sy kerk) dienaars van sy kerk." Jesus, die Here en Christus, verskyn aan Paulus om van hom as kampvegter vir God téén Jesus, sy getuie te maak. Die Here se verskyning is nie die ontknoping van een of ander 'n geestelike worsteling wat Paulus sou gehad het nie. Volgens sy eie verklarings was hy op die Damaskuspad begeesterd, sonder enige vertwyfeling, om mense wat die leer van 'n Christus wat gekruisig is en uit die dood uit opgestaan het vir vergifnis, totaal uit te roei. (Hand 22: 4; 25: 19; 26:9) Hierdie verskyning van Jesus is iets wat volgens Paulus self (in 1 Kor. 15: 1 – 8) nóg nooit weer met iemand anders kan gebeur nie, want dit was Jesus LAASTE verskyning net soos in Luk. 24: 36 – 48, wat eers weer met die wederkoms sal gebeur. Christus se verskyning gee aan Paulus die kwalifikasies van 'n apostel: hy het die Here self gesien en gehoor, soos die ander apostels. (Hand. 22: 14,15; 1: 21- 22) Hierdie verskyning maak Paulus nou nêr 'n getuie vir Jesus Christus. 'n Getuie is nêr dit – 'n getuie. Dit is 'n regsterm wat verwys na mense wat in 'n hof as getuie moet optree. 'n Getuie mag net vertel van wat hy gesien en gehoor het. Net dit! Nie sý mening, sý gevoel, sý verstaan of sý ervaring van dinge nie! Dit is wat getuie hier beteken. Christus verskyn aan Paulus sodat hy nêr kan vertel wie Hy gesien en gehoor het. 'n Getuie het geen eie saak in die hof nie. Die saak in die hof is ook nie sý saak nie - dit is die staat, die regter en staatsaanklaer se saak. Dit is presies hoekom Jesus van die begin af die apostels net as getuies aangestel het in Luk. 24: 48: "Julle is getuies van hierdie dinge." Die apostels is nie die aanvoerders, organiseerders of kampvegters van God se saak nie. Die verhoogte Here voer alleen sy saak van vergifnis aan - nes 'n regter alleen 'n hofsaak aanvoer en getuies net in sy saak kan getuig. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za

Donderdag

Hand. 1: 4 – 8; 2: 21 – 22; 9: 1 – 18; 22: 11 -16. Teks: Hand. 9: 15 Tema: "Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk." Die Here se Damaskusverskyning is ook nie Paulus se bekering gewees nie. In Hand. 2: 21 gebruik Lukas die uitdrukking wat wys dat mense tot bekering gekom het: "om die Naam van die Here aan te roep", dit is om te glo en te bely dat Jesus die Christus is

wat vir hulle gely en opgestaan het om hul sonde te vergewe. "So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." (Hand 2:21) Paulus het vir die eerste keer die Naam van die Here aangeroep in Reguitstraat in Damaskus, toe Ananias aan hom verduidelik het hoekom die Here aan hom verskyn het - nie op die Damaskuspad nie. "En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeroep het." (Hand. 22:16) Op die Damaskuspad is Paulus 'n verdwaasde KAMPVEGTER vir God wat deur die soewereine mag van Jesus Christus van al sy krag en mag om teen die Here te veg, gestroop, gestop en blind gemaak word, en as GETUIE en dienaar aangestel word vir dit waarteen hy veg. Hand. 9:5 Net soos Paulus wat vir jare lank 'n yweraar vir die Joodse Christus was (as Fariseër), net so was Jesus se 12 dissipels ook yweraars vir Jesus. Hulle wou óók hê dat Jesus 'n Joodse Christus sou wees! Die twaalf wou 3 jaar lank liever deur Jesus BEMAGTIG word om met God se koninkryksake besig te wees. Daarom berispe Petrus vir Jesus om nie te moet dink dat Hy vir sondes kan ly en uit die dood uit opstaan nie, (Mat. 16: 22) wil Johannes en Jakobus aangestel word as Jesus se opvolgers van God se koninkryk as Jesus sou doodgaan, (Mat. 22: 20 – 28) en daarom VERLOËN Petrus Jesus, VERRAAI Judas Jesus en VERLAAT al sy dissipels Hom met sy lyding en kruisiging. Dit was eers met sy VERSKYNING (!!!) na sy dood dat Jesus die dissipels nét GETUIES van sy lyding en OPSTANDING maak (Lukas 24: 45, 48). Elke apostel moes verward en ontgogeld ontdek hulle is nie KAMPVEGTERS vir God se koninkryksake nie, maar nét Jesus se GETUIES. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Hand. 1: 4 – 8; 2: 21 – 22; 9: 1 – 18; 22: 11 -16. Teks: Hand. 9: 15 Tema: "Christus maak van kampvegters van God (teen sy kerk) dienaars van sy kerk." Die geestelike anargisme vandag is dat geestelikes hulle self sien as kampvegters, bestuurders en organiseerders van God se koninkryksake. Hulle is vandag die kampvegters wat téén die Here se ware getuies en dienaars baklei en die GETUIES voorstel as Christus se vyande. Die skelwoorde waarmee hulle baklei is FUNDAMENTALISME en FUNDAMENTALISTE ! Met hierdie woorde probeer die geestelikes die ware getuies van die Here voorstel as fundamentaliste.

'n Fundamentalis is volgens die geestelikes iemand wat

* in die bestaan van engele glo. (Die geestelikes meen hulle weet deur hul wetenskaplikheid dat engele net opgemaakte vroom stories is wat eers in die Persiese tyd opgemaak is);

* glo dat daar 'n wese soos die duiwel is, dat hy Jesus in die woestyn versoek het en dat Christus sy mag gebreek het en dat hy vandag besig is om 'n valse kerk teen die Here te bemagtig.

Volgens God se kamstige (geestelike) kampvegters is jy ook 'n fundamentalis wanneer jy glo dat Jesus as mens van vleis en bloed uit die dood uit opgestaan het en as mens van vleis en bloed vandag in die hemel leef. (Luk. 24: 36-) Daarom mag jy (volgens die geestelikes) nie meer glo en getuig dat die Heilige Gees jou deur sy krag insluit om deel van Christus se menswees in die hemel te wees nie. Daarom

mag jy (volgens hulle) ook nie meer glo in sy maagdelike geboorte wat Hom die enigste sondelose mens gemaak het wat met sy heiligheid en regverdigheid vir jou instaan, omdat jy dit self nooit kan wees nie.

Volgens hierdie geestelike kampvegters, hierdie kerklike teoloë, predikante, pastore en amptenare is Jesus nét 'n voorbeeld van hoe ons met dieselfde goddelike krag of liefdevolle menslikheid soos Hy vervuld moet leef. Só wil hulle ons bevry van ons geloof in die Christus wat gely en uit die dood uit opgestaan het (wat ons nét sy GETUIES maak) en ons bemagtig om soos hulle, KAMPVEGTERS vir God te word. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za

Saterdag ekstra

Hand. 1: 4 – 8; 2: 21 – 22; 9: 1 – 18; 22: 11 -16. Teks Hand. 9: 15 Tema: "Christus maak van kampvegters van God téén sy kerk dienaars van sy kerk." Die geestelike bedryf wat ons (as gelowiges en die Here se getuies) uitmaak as fundamentaliste, wil met ons presies die TEENOORGESTELDE maak as wat die Here met Paulus en sy ander dissipels gemaak het. Die Here het hulle wat kampvegters vir God se koninkryksake wou wees, net diensbare GETUIES van sy lyding en opstanding gemaak. Nou wil hierdie geestelike bedryf gelowiges stroop en bevry van hul geloof in die Here se lyding en opstanding, sodat hulle van GETUIES God se KAMPVEGTERS kan maak. Hulle wie glo Jesus is nét sy voorbeeld vir menslike liefde of goddelike krag, is nou kampvegters van God wat met God se koninkryksake besig is: Kampvegters vir God se saak deur mense aan hulle bekerings en geestelike ervarings te onderwerp as God se geestelike sake;

HOE?

- * deur mense met God se krag en mag te vervul om goddelik te kan leef;
- * deur van die armes, onderdrukte en randfigure van die samelewing God se koninkryksake te maak;
- * deur vir die demokratiese regte van mense en van die LBGTQ gemeenskappe se seksualiteit as Gód se saak te baklei.

Vir al hierdie koninkryksbakeiery het hierdie geestelikes en intellektueles wat God se koninkryk oprig en bedryf, 'n reservemag vir hulle gevegseenhede nodig: mense wat bereid is om met God se koninkryksake vir en namens God besig te wees. 'n Kerk van GELOWIGES wat nét diensbare GETUIES is vir Jesus Christus die Here wat alleen sy koninkryk opgerig het en steeds uitbou, is vir hierdie generaals van God se koninkryk nutteloos. Daarom omvorm hulle GETUIES na KAMPVEGTERS vir God deur hul geloof af te breek as sou dit FUNDAMENTALISME wees!! Maar.... gelowiges verwerp hierdie beledigings en bakeiery, word nie vegters teen kampvegters nie, maar blý GETUIES vir die Christus wat kampvegters sy getuies maak. Preek beskikbaar op Google by ngekerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.